

12

Waar kom ons Kerk vandaan?

'n Beknopte geskiedenis van my Kerk en ander kerke

ONS DOELWIT

Die jongmense moet weet hul Kerk is ook Jesus Christus se kerk en het sy eie geskiedenis.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die jongmense moet weet –

- dat die geskiedenis van hul Kerk 'n rol speel in die lewe van lidmate en gemeentes;
- dat hul Kerk saam met ander kerke bely dat ons glo in een heilige, algemene, Christelike kerk; en
- dat daar verskillende kerke met hul eie geskiedenis is.

Gesindheid

Die jongmense moet –

- positief ingestel wees teenoor die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika;
- waardering hê vir die uniekheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika; en
- eienaarskap neem van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as 'n kerk van Christus.

Vaardigheid

Die jongmense moet in staat wees –

- om die Nederduitsch Hervormde Kerk se geskiedenis in breë trekke weer te gee; en
- om die plek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika binne die kerk van Christus te kan verduidelik.

EK BREI MY EIE KENNIS UIT

Ons Kerk se naam is Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Ons verwys ook na ons Kerk as die Hervormde Kerk. Elke deel van die Kerk se naam het spesiale betekenis en dui op 'n spesifieke verbintenis wat ons Kerk met die geskiedenis van ons mense in verhouding met God het.

Nederduitsch

Hierdie deel van die Kerk se naam verduidelik vir ons hoe die kerk in Afrika geplant is. Ons Kerk en geloof het saam met ons *Nederlandse* voorsate na die suidelike punt van Afrika gekom. Daarom die naam *Nederduitsch*. Jan van Riebeeck het op 6 April 1652 in die Kaap aangekom om 'n handelspunt vir die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie te vestig. Die Nederlanders se geloof in God was vir hulle belangrik, en daarom was dit 'n logiese uitvloeisel van die baanbrekerswerk wat hulle hier kom doen het, dat die Christelike kerk ook hier gevestig sou word.

Die Kaap was 'n belangrike handelspunt wat seevaart vanaf Europa na die Ooste vergemaklik het, omdat vars voorrade hier aangevul kon word vir die lang seereise. Dit is ook die rede waarom verskillende Europese lande graag beheer oor die Kaap wou hê. Engeland het verskeie pogings aangewend om die Kaap te annekseer en het dit uiteindelik reggekry. Die kerk het egter sy band met Nederland behou, en uit hierdie aanvanklike Nederlandse nedersetters het 'n nuwe volk, die *Afrikaners*, voortgekom vir wie geloof in die drie-enige God altyd baie belangrik was en wat nie hul band met die Nederlandse kerk sommer wou prysgee nie.

Hervormde

Hierdie deel van die Kerk se naam wil ons altyd daaraan herinner dat ons 'n kerk is wat onself altyd aan God se Woord wil meet en hervorm. Die groot moment in die geskiedenis van die Christelike kerk is die Kerkhervorming wat al meer as 500 jaar terug in die geskiedenis lê. Tydens die Kerkhervorming het gelowiges soos Martin Luther, Ulrich Zwingli, Johannes Calvyn en nog ander sterk standpunt ingeneem teen allerlei dwalinge wat in daardie stadium in die Rooms-Katolieke Kerk bestaan het.

Hierdie Kerkhervormers het daarop aangedring dat die kerk gesuiwer moet word van alle valse leringe wat die Rooms-Katolieke Kerk vir mense geleer het. Die slagspreuk *Slegs genade deur geloof in Jesus Christus* het in skrilte kontras gestaan met die leer van die Rooms-Katolieke Kerk. Martin Luther het byvoorbeeld 95 stellings teen die kerkdeur in Wittenberg vasgespyker waarin hy duidelik gestel het waar die Rooms-Katolieke Kerk dwaal deur menslike instellings en voorkeure voorop te stel. Dit is daarom vandag vir ons belangrik om te sê dat ons die **Hervormde Kerk** is, met die bedoeling dat menslike instellings en voorkeure nooit bokant God se wil gestel mag word nie. Die naam herinner ons daaraan dat ons God se kerk is wat altyd weer voor God hervorm of vernuwe moet word. Dit herinner ons daaraan om nederig voor God te staan in die wete dat ons niks by God verdien of kan verdien nie, maar dat alles wat ons bely, onverdiende genade van God is.

Kerk

Hierdie deel van ons Kerk se naam dui op die feit dat ons ware kerk van die Here wil wees. Dit bring ons by ons eintlike oorsprong. Die woord *kerk* beteken *die Here se eiendom* of *hulle wat aan die Here behoort* of *hulle wat deur die Here geroep* is. Dit is ons oorsprong, dit is waar ons vandaan kom – die Here het ons *uitgekies* om sy *eiendom*, sy *besitting* te wees. Wanneer het hierdie *uitkies* gebeur? Voor die grondlegging van die wêreld, van ewigheid af, van Adam en Eva se tyd af... Die kerk is 'n groep mense wat deur God *geroep* is en deur die werking van die Heilige Gees glo dat Jesus hul Verlosser is.

Waarvoor het God ons geroep? Hy het ons geroep om draers van sy liefde te wees. Daarom die groot opdrag wat ons van Jesus ontvang het: *Ons moet God liefhê bo alles en almal en ons naaste soos onself*. Deur die kerk se manier van leef en doen, word iets van Jesus Christus se liefde in die wêreld sigbaar.

In Efesiërs 1: 23 lees ons: *Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.* Vir ons in die Hervormde Kerk is die beeld van die kerk as die liggaam van Jesus Christus baie belangrik. Daar word in verskillende gedeeltes verwys na Jesus wat die Hoof is en die kerk wat die liggaam is. Vergelyk Romeine 12, 1 Korintiërs 12, Efesiërs 4 en Kolossense 1 en 2. As ons Jesus se liggaam is, gaan ons ook maak soos Jesus se *liggaam* sou maak – dit is om lief te hê, te verstaan, te vergewe en te dien. Dit is daarom ook vir ons belangrik dat die manier waarop ons leef en dien in die kerk 'n getuigenis moet wees van die liefde en genade wat God deur Jesus Christus aan ons betoon het.

Deur onself *kerk* te noem, wys ons ook op die verbintenis wat ons met alle kerke het wat Jesus Christus as die Here en Verlosser bely. Die belydenisskrifte of drie formuliere van eenheid – die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis – bevestig die eenheid van die kerke wat dit aanvaar en bely. Die ekumeniese simbole is die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis genoem na Athanasius en die Geloofsbelydenis van Nicea, en is tekens van hoe ons deur ons belydenis van geloof in die drie-enige God aan ander kerke en gemeentes gebind is.

Van Afrika

Vroeër het ons Kerk gemeentes oral in die suidelike deel van Afrika gehad en selfs so ver noord as Kenia en Tanzanië. Dit het natuurlik begin by die Groot Trek, wat vanaf 1834 plaasgevind het en waarmee die Christelike geloof al verder noord in Afrika ingeneem is. Die trek van gelowige mense regoor die suidelike deel van Afrika het daartoe aanleiding gegee dat ons Kerk 'n vaste verbintenis met Afrika ontwikkel het.

Alhoewel die meeste van hierdie bedieninge in die Afrikalande tot 'n einde gekom het as gevolg van politieke veranderinge, is ons Kerk steeds daaraan verbind om die evangelie te bring aan alle mense in Afrika en dwarsoor die wêreld. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het daarom sedert die ontstaan van die Kerk ook uitgebrei na ander wêrelddele. So is daar bedieninge in Suid-Amerika, Australië, Kanada en Nieu-Seeland, waar ons Kerk saam met ander kerke betrokke is by die geestelike bediening van gelowiges. In Afrika word daar steeds lidmate bedien in Namibië, Botswana, Zambië en Zimbabwe. Hierdie bedieninge vind in baie gevalle ook plaas in samewerking met ander kerke.

EK SPRING SELF AAN DIE WERK

Ek het nodig

- Vir elke kind 'n stukkie papier waarop hulle ons Kerk se naam kan neerskryf.
- Die Bybel.
- Die Apostoliese Geloofsbelydenis.
- Twee afskrifte van WAAR KOM MY KERK VANDAAN?
- Twee afskrifte van die vraestel.

VRAESTEL

- *As jy nie weet vanwaar jy kom nie, weet jy nie is nie.*
- My Kerk is belangrik, want het dit nie tot stand gebring nie – God het ons uitgekies, ons sy eie gemaak en ons die wêreld ingestuur.
- Ons Kerk kom al van die Bybel se tyd af toe –
 - die Here vir en gemaak het;
 - Hy vir gekies het om uit hom sy volk, Israel, te bou;
 - Hy uit Israel vir gebore laat word het;
 - Jesus ons as sy met sy bloed aan die kruis gekoop het;
 - Jesus sy oor die hele wêreld gestuur het met hierdie goeie nuus;
 - mense hierdie goeie nuus geglo het en gestig het; en
 - gemeentes saam die gevorm het.
- Die kerk het afgedwaal, en die Here het vir gebruik om die kerk te laat hervorm.
- Die hervormde kerk het ook na versprei.
- Uit Nederland kom die Hervormde Kerk saam met Afrika toe.
- Nederduitsch Hervormde Kerk – dit is hoe ons Kerk hier gekom het.
- Ons Kerk is met die verlossing wat bewerk het, op pad na alle mense toe. **(16)**

WAAR KOM MY KERK VANDAAN?

- *As jy nie weet vanwaar jy kom nie, weet jy nie waarheen jy op pad is nie.*
- My Kerk is belangrik, want mense het dit nie tot stand gebring nie – God het ons uitgekies, ons sy eie besitting gemaak en ons die wêreld ingestuur.
- Ons Kerk kom al van die Bybel se tyd af toe –
 - die Here vir Adam en Eva gemaak het;
 - Hy vir Abraham gekies het om uit hom sy volk, Israel, te bou;
 - Hy uit Israel vir Jesus gebore laat word het;
 - Jesus ons as sy besitting met sy bloed aan die kruis gekoop het;
 - Jesus sy apostels oor die hele wêreld gestuur het met hierdie goeie nuus;
 - mense hierdie goeie nuus geglo het en gemeentes gestig het; en
 - gemeentes saam die kerk gevorm het.
- Die kerk het afgedwaal, en die Here het vir Martin Luther gebruik om die kerk te laat hervorm.
- Die hervormde kerk het ook na Nederland versprei.
- Uit Nederland kom die Hervormde Kerk saam met Jan van Riebeeck Afrika toe.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – dit is hoe ons Kerk hier gekom het.
- Ons Kerk is met die verlossing wat Jesus bewerk het, op pad na alle mense toe.

IN DIE GROEPBYEENKOMS

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 275 as gebed.

*O God van Jakob, deur u hand
word steeds u volk gevoed;
U het weleer op see en land
ons vadere behoed.*

*Ons dank- en smeekgebede gaan
tot u genadetroon;
wil ons en ook ons kroos voortaan
u guns en trou betoon!*

*Berei vir ons die lewenspad –
wil deur u Gees ons lei;
en as ons val, o Vader, vat
ons hand en staan ons by. Amen.*

WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

- Kontroleer of hulle by www.nhka.org na interessante inligting gaan soek het.
- Neem 'n paar boeke in en lees wat in hul boeke staan by die vorige aanbieding se RADIKALE DISSIPELSKAP oor die erediens, sonder om bekend te maak uit wie se boek jy lees.
- Onthou om hierdie antwoorde met die predikant te deel.

- Skerp die volgende weer helder en duidelik by hulle in:
 - Ek mag nie dat die erediens vir my 'n dooie, betekenislose ritueel wees nie.
 - Die erediens moet vir my 'n lewende ontmoeting wees waar ek en die Here met mekaar kommunikeer, “gesels” of by mekaar “kuier”.
 - By die erediens ontmoet ek en my medegelowiges mekaar en deel ons in mekaar se lief en leed.
 - Indien dit nie gebeur nie, moet ek die oorsaak daarvan bepaal en daaraan werk.

VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

BEGIN SO

Laat 'n paar vertel wat hulle van die Kerkhervorming kan onthou. Lei hulle in hul gedagtegang.

- Gee vir elkeen 'n stukkie papier en laat hulle ons Kerk se naam neerskryf. Hulle mag glad nie met mekaar deel wat hulle gaan skryf of geskryf het nie.
- Gee vir 'n paar van hulle geleentheid om te lees wat hulle geskryf het. Belangrik: Moenie nou kommentaar lewer oor die korrektheid van die naam wat hulle vir die Kerk gee nie.
- Lei die gesprek na die feit dat mense nie die Kerk se regte naam ken nie, of soms die Kerk se naam ken maar nie regtig weet wat die betekenis van die naam is nie.
- Vra of hulle dink dat die korrekte naam van ons Kerk belangrik is. (*Verskillende antwoorde is moontlik. Lei hulle na die volgende redes waarom ons Kerk se naam vir ons belangrik is:*
 - *Dit dui op die geskiedenis van ons Kerk.*
 - *Dit vertel iets van waarom ons kerk is, en wat van kerkwees vir ons belangrik is.*
 - *Dit vestig ons aandag daarop dat kerk en geloof oor meer as net onself gaan – ons het ook 'n wyer roeping.)*

WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

- Verwys nou na die name wat die jongmense gegee het as die naam van die Kerk. Wys hulle op die korrekte naam van die Kerk, naamlik Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
- Praat in die groep oor wat hul ervaring is of mense hul eie name onthou, of hulle gesteld daarop is dat dit reg uitgespreek word, en of 'n mens maklik jou naam vergeet. (Almal onthou hul eie name, is gesteld daarop dat dit reg uitgespreek word. Mense vergeet nie maklik hul eie name nie. *Onthou: Jy is die liggaam van Jesus, jy is die kerk – jy behoort mos jou naam te ken en te respekteer!*)
- Bestudeer vooraf EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo. Dink aan elke woord en vergewis jou opnuut waar, wanneer en hoe elke woord 'n stukkie geskiedenis vertel en met 'n waarheid vorendag kom.
 - Nederduitsch: Ons Kerk kom in 1652 saam met Jan van Riebeeck Suid-Afrika toe.
 - Hervormde: Ons Kerk is deel van die kerk wat Martin Luther in 1517 gesuiwer het van die Roomse dwaalleer.
 - Kerk: Ons Kerk is saam met die kerk van alle eeue deur God geroep as sy eiendom.
 - Van Afrika: Ons Kerk het 'n verantwoordelikheid teenoor Afrika, maar ook dwarsoor die wêreld.

ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET

- Deel die klas in twee groepe.
- Gee vir elke groep die opsomming van WAAR KOM MY KERK VANDAAN?
- Gee een van hulle vyf minute om dit 'n paar keer hardop vir hul groep voor te lees.
- Almal moet probeer om soveel moontlik te onthou.
- Neem die opsomming na vyf minute in.
- Gee vir elke groep 'n vraestel.
- Laat hulle vyf minute toe om die vraestel as groep in te vul.
- Neem die vraestel in en merk dit.
- Kyk watter groep die meeste reg het en wens hulle geluk.
- Gee die regte antwoorde in die groot groep en bespreek waar nodig.

IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN

Laat die jongmense in groepies van twee of drie saamdink en neerskryf wat vir hulle belangrik is van die Hervormde Kerk.

- Laat hulle vyf redes neerskryf waarom hulle graag lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wil wees.
 - Ons wil graag aan die Hervormde Kerk behoort omdat

.....

- Laat hulle weer gaan kyk wat hulle by Aanbieding 8 se RADIKALE DISSIPELSKAP geskryf het oor wat alles in 'n gemeente behoort te gebeur of wat gedoen behoort te word, en laat hulle die volgende vrae in hul boeke beantwoord.

- Wat het alles sedertdien gebeur wat aan jul verwagtings voldoen het?

.....
.....

- Wat word alles nog steeds goed gedoen in jul gemeente?

.....
.....
.....

- Watter dinge is sedertdien opgeknop?

.....
.....
.....

- Wat het jy self gedoen om verbetering te bring?

.....

.....

.....

- Wat was die kerkraad se reaksie op jul gesprek en wat het hulle intussen gedoen?

.....

.....

.....

- Kom weer in die groot groep byeen en bespreek bogenoemde.

HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

RADIKALE DISSIPELSKAP

- Laat hulle by www.nhka.org gaan kyk of daar interessante inligting is.
- Laat hulle met die volgende erediens gaan neerskryf wat hul lewens aangeraak het.

HULLE KRY HULSELF PARAAT

- My Kerk is belangrik, want mense het dit nie tot stand gebring nie – God het ons uitgekies en ons is sy eiendom.
- Ons Kerk kom al van die Bybel se tyd af toe –
 - die Here vir Adam en Eva gemaak het;
 - Hy vir Abraham gekies het om uit hom sy volk, Israel, te bou;
 - Hy uit Israel vir Jesus gebore laat word het;
 - Jesus ons as sy besitting met sy bloed aan die kruis gekoop het;
 - Jesus sy apostels oor die hele wêreld gestuur het met hierdie goeie nuus;
 - mense hierdie goeie nuus geglo en gemeentes gestig het; en
 - gemeentes saam die kerk gevorm het.
- Die kerk het afdedwaal, en die Here het Martin Luther die kerk laat hervorm.
- Die hervormde kerk het ook na Nederland versprei.
- Uit Nederland kom die Hervormde Kerk saam met Jan van Riebeeck Afrika toe.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – dit is hoe ons Kerk hier gekom het.
- Omdat ek weet waar my Kerk vandaan kom, gaan ek –
 - dankbaar en gelukkig voel omdat ek die Here se eiendom is;
 - die verlossing wat Jesus vir alle mense gebring het, met almal in my lewe deel;
 - die Here in eredienste *dien* en sy gemeente laat *blom*; en
 - ’n verskil rondom my maak deur met my gesindheid en optrede ander te oortuig hoe lekker en goed dit is om verlos te wees en my medemens te dien.

BELANGRIK

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

AFSLUITING

Vra die jongmense vir watter dinge in die Kerk hulle graag sou wou bid. Laat elkeen minstens een ding noem en skryf dit alles neer. Sluit dan af met gebed en vra die Here om dit te laat gebeur.